

Skriflesing: 1 Thessalonicense 4Teks: **1 Thessalonicense 4:7-8; 10b-12**Sing- **Ps. 98:1; Ps. 119:49; Ps. 34:5****1 Thessalonicense 4:1-12**

1Th 4:1 Verder dan, broeders, vra en vermaan ons julle in die Here Jesus dat julle, soos julle van ons geleer het hoe julle moet wandel en God behaag, nog oorvloediger mag wees.

1Th 4:2 Want julle weet watter bevele ons julle deur die Here Jesus gegee het.

1Th 4:3 Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery;

1Th 4:4 dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer,

1Th 4:5 nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie;

1Th 4:6 dat niemand sy broeder in hierdie saak moet bedrieg en benadeel nie, omdat die Here 'n wreker is oor al hierdie dinge, soos ons aan julle ook vantevore gesê en betuig het.

1Th 4:7 Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking.

1Th 4:8 Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie 'n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het.

1Th 4:9 Oor die broederliefde het julle nie nodig dat ons julle skrywe nie, want julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê;

1Th 4:10 en julle doen dit ook aan al die broeders in die hele Macedónië; **maar ons vermaan julle, broeders, om oorvloediger te wees**

1Th 4:11 en julle eer daarin te stel om rustig te lewe en julle eie sake te behartig en met julle eie hande te werk, soos ons julle beveel het,

1Th 4:12 sodat julle welvoeglik kan wandel teenoor die wat buite is, en aan niks behoefte mag hê nie.

Skriflesing: 1 Thessalonicense 4Teks: **1 Thessalonicense 4:7-8; 10b-12**Sing- **Ps. 98:1; Ps. 119:49; Ps. 34:5**

Ons sluit aan by wat ons vanoggend gelees het, broeder en suster en dan veral by vers 10 van 1 Thessalonicense 3. Daar het ons gelees **10** *terwyl ons nag en dag baie ernstig bid om julle aangesig te sien en te voltooi wat aan julle geloof ontbreek?* Ons het dit nou al baie gesê dat hierdie eerste brief van Paulus aan 'n gemeente geskryf, is eintlik so 'n begeesterde en positiewe brief. Dit staan vas dat die gelowiges by wie Paulus maar drie weke in hulle midde kon wees, dit is asof die getuienis wat hy daarna oor die gemeente gehoor het, hy sy eie ore nie kan glo dit wat Timotheus hom alles daar in Athene kom vertel het nie. Hy loop oor van dankbaarheid.

As u weer die hoofstukke een vir een lees dan gee hierdie herhaalde danksegging eintlik aan die Thessalonicense briewe 'n eiesoortige karakter. Vanaf hfst. 1-3 was daar elke keer net dankbaarheid. Hfst 1:2-3 - **2** *Ons dank God altyd oor julle almal as ons aan julle dink in ons gebede* **3** *en onophoudelik in gedagte hou die werk van julle geloof en die arbeid van julle liefde en die lydsaamheid van julle hoop op onse Here Jesus Christus, voor onse God en*

Vader... Hfst 2:13- **13** *Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo...*

Hfst 3:9 **9** *Want watter dank kan ons God vergelde oor julle vir al die blyskap waarmee ons om julle ontwil ons verbly voor onse God...*

Elke keer dank Paulus die Here. Waarvoor is hy presies so oor dankbaar, terwyl ons sien die eerste drie hoofstukke deurtrek is van dankbaarheid. Daar is tussen hom en hulle 'n goeie verhouding, al was hy so hartseer om so onverwags en so ingrypend van hulle te moes wegvlug, maar sake gaan baie dieper as net sy persoonlike verhouding met hulle. Dit wat nou daar aan die gemeente aan die gang is, dit is nog 'n groter rede vir dankbaarheid. Hoe daar al hoe meer mense tot die geloof kom, hoe hulle die Woord laat weerklink, hoe hulle hul van die afgode bekeer, hoe hulle die verkondigde Woord ontvang, vir wat dit werklik is, nie die woord van mense nie, maar die Woord van God. Ja, die lys van dit waarvoor Paulus dankbaar is, sou nog langer kan wees. Dink veral ook aan die feit van die toekomsverwagting. Elke hoofstuk wat daarmee eindig dat Jesus na ons gaan terugkom.

Al is nog Paulus, nog Silas, nog Timotheus nie daar nie, is dit wonderlik hierdie is nie 'n dominees kerk nie, wat op sigself al so 'n groot rede tot dankbaarheid moet wees. Hulle drie was maar drie weke daar, maar ná hulle vertrek het die Thessalonicense in hulle kerk-wees van krag tot krag gegaan. Die bestaan en die groei van die kerk, dit wat die kerk waarlik kerk moet maak, is nie wie, wat en waar die dominee op daardie oomblik is nie. Hoe skeefgetrek raak alles, eintlik tragies dat ek by hierdie nabetrugting konstateer, na my siening, dat die Gereformeerde kerke in ons land in baie opsigte domineeskerke geword het.

Die dominee se roeping en sy diens word so uit verhouding as maatstaf in kerk-wees ingeforseer dat as daar net die moontlikheid is dat die dominee dalk gaan weggaan dan is die vraag klaar, wat gaan ons doen, wat gaan van ons word. Dit is hoegenaamd nie wat moet gebeur nie. Roeping werk altyd met kom en gaan, dwarsdeur die geskiedenis nog terwyl kerk-wees nie 'n kwessie van kom en gaan kan wees nie. Daarom moet die kerk se roeping in die grootste mate die dominee se roeping voorafgaan en as die dominee weer vertrek dan moet die kerk nog altyd met 'n vaste wete en doelgerigte oortuiging aangaan met wat hulle roeping was voor die dominee daar was en moet die roeping steeds baie duidelik wees, selfs

lank na die spesifieke dominee ook nie meer daar is nie. Dan is ons kerk in die sin van dié Thessalonicense en nie in die sin soos baie, ek wil selfs sê die meeste van ons gemeentes vandag is nie. Daar is baie om voor dankbaar te wees as 'n kerk nie 'n domineeskerk is nie!

Hierdie erediens is ook 'n dankseggingsdiens ná vanoggend se Nagmaal. Daar is soveel waarvoor ons God kan dank, dit wat Paulus by herhaling doen, moet ons ook by herhaling kan doen. Om die Here te dank. Tog, dit val op dat Paulus praat in 1 Thessalonicense 3 oor die gemeente waarvoor hy eintlik heelyd so positief oor is, dat daar wel iets oor hulle gesê word wat ons laat wonder. Hy praat van... *om te voltooi wat aan julle geloof ontbreek*.

En dit wil lyk die vernaamste rede te wees waarom die eerste Thessalonicense brief dan wel ook 'n vierde en selfs vyfde hoofstuk bevat. Die twee hoofstukke bevat die sake en siening wat Paulus agterkom hulle in hulle kerk-wees meer aandag aan moet gee. Dit wat Paulus noem... *om te voltooi wat aan julle geloof ontbreek*. Dit gaan selfs oor dinge wat hy bekommerd is hulle heeltemal die verkeerde siening oor mag hê. Die verkeerde siening oor die wederkoms, dit bepaal 'n verkeerde siening oor wat gebeur as ek sterwe.

Vir die Thessalonicense wat, so wil dit lyk, 'n baie beknopte siening gehad het oor die tyd tussen hemelvaart en wederkoms. Hulle het Jesus se terugkoms hulleself so voorgestel dat dit hoegenaamd nie by hulle 'n geval was van honderde, selfs vir ons nou-al duisende, méér as 2000jaar terug wat Hy na die hemel opgevaar het. Hulle het verwag dat sy terugkoms moet nog in hulle tyd wees. Daarom het hulle gedink begrafnisse moet daar nie meer wees nie. Nou moet Paulus hulle wakker skud en sê daar gaan nog begrafnisse wees, daar gaan nog baie begrafnisse wees. Ons gaan nie nou hierna kyk nie, dalk volgende keer, gee Paulus in die res van hfst. 4 die aangrypende beskrywing van wat gebeur wanneer my geliefde sterf of soos hy daarna verwys wanneer ons ontslaap.

Hierdie verkeerde beskouing hou natuurlik altyd verband met ander verkeerde afleidinge wat 'n mens kan maak. Die koms en die krag van die Antichris, daarvoor sal Paulus ook nog met hulle oor moet praat. Sy tweede brief kom hierop in die grootste mate op terug. Paulus waarsku hulle, net soos vir ons, oor die dag en datum van die wederkoms. Moet nie daarmee slim wil wees en allerhande voorspellings wil maak nie. Hy waarsku in hfst. 5 duidelik daarteen, wat ons ook later weer by 'n ander erediens na kan terugkom.

Wat by hierdie danksegging-diens ons moet aangryp rondom die eerste 12 verse van hfst. 4 wat ons fokus na hierdie Nagmaal ook weer moet wees, is dit is *die wil van God, julle heiligmaking...* Hy praat van heiligmaking in vv 3 en 7. En dan praat Paulus baie duidelik nie uit homself nie, hy vermaan hulle nooit vanuit homself nie, maar wanneer hy vermaan en watter versoek hy tot hulle rig dit gebeur *in die Here Jesus*. Sy eie outoriteit as apostel word hoegenaamd nie as rede tot sy gesag gesien nie, waar hy net soos hulle weet hoe nodig ons dit het om as broeders en susters vanmekaar, weer vermaan en opgeskerp te word met wat is die wil van God.

Die wil van God, julle heiligmaking... Heiligmaking is 'n belangrike saak, ook weer ná vanoggend se Nagmaal. Dit gaan oor 'n lewenstaak, ja eintlik 'n lewenstryd wat op denkbare elke terrein van die lewe gestry moet word. Hier praat Paulus spesifiek oor die huwelik en dat ons moet wegkom van hoerery. *Elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer...* Die grootste slagveld van die lewe lê dikwels ingebed, ja ingebed in die bed. Verse 5-6 wys hoe die wêreld, ingesluit ons wêreld van DSTV en selfs nou “gewettigde” pornografie-kanale van TopTV presies bewys dit waarteen verse 5-6 ons teen waarsku- ⁵ *nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie;* ⁶ *dat niemand sy broeder in hierdie saak moet bedrieg en benadeel nie, omdat die Here 'n wreker is oor al hierdie dinge, soos ons aan julle ook vantevore gesê en betuig het.*

Pornografie kom van die Griekse woord “*porneia*” waar dit dan inderdaad as hoerery vertaal word. Ja, dit is wydverspreid en gevaarlik onder die heidene. Dikwels was van die heidense kultusse as deel van die rituele van die kultus onkuise dade of gebare, of soos wat Sondag 41 van die Kategismus die vraag antwoord of God in die 7de gebod niks meer as net egbreuk en sulke skandes verbied nie- dan is ons antwoord- ***Omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons altwee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en alles wat 'n mens daartoe kan verlei.*** In Thessalonika was daar selfs 'n kultus met die naam van die *Kabeiroi* wat “gewyde” ontug gepleeg het. Ja, as mens deur baie van Paulus se briewe gaan dan word daar dikwels gemaak teen die sonde van onkuisheid. Dit wat so direk indruis teen die lewe van heiligmaking.

Heiligmaking word in hierdie eerste helfte van hfst. 4 dan vanuit die geheiligde huwelik op baie meer as net die seksuele toegespits, maar vanaf vers 6 raak dit ook die besigheidswêreld,

deur nie op daardie terrein jou naaste uit te buit nie, hom/haar geweld aan te doen of te verdruk nie. In die Grieks kry ons hier 'n woord **πλεονεκτέω** pleonekteo wat vertaal staan, ons moet mekaar nie “benadeel” nie, wat in die veld van eksplorasië geleë is, bedoelende moenie voordeel bo iemand anders wil neem net omdat jy gierig is nie. Hierin moet ons lewe van heiligmaking wees presies soos wat Sondag 42 dit aan ons beskryf. ***God verbied nie slegs die diefstal en roof wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry . Dit kan gebeur met geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere, geld, deur woeker of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid en alle misbruik en verkwisting van sy gawes .***

Geliefdes, die lewe van heiligmaking is dan ook deel van ons roeping. Dit staan in v.7- *Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking.* Onkuisheid, hoerery dis deel van onreinheid, maar ook benadeling, bedrog van my naaste alles is eweneens deel van onreinheid. So staan v.7 as slotsom vir wat ons heiligmaking moet wees- *die wil van God julle heiligmaking.* Dan sluit hierdie eerste deel van hfst. 4 af deur weer te praat van liefde, waarna hfst. 3 al so groot deel gehandel het en ook werksaamheid. Heiligmaking, broederliefde, werksaamheid, dit waarmee ons die lewe na hierdie Nagmaal mee moet ingaan.

Oor broederliefde is dit merkwaardig wat Paulus hier sê. Aan die eenkant sê hy dat dit nie nodig is om met hulle daarvoor te praat nie, maar dan aan die ander kant dan doen hy dit tog wel. *God het julle geleer om mekaar lief te hê*, dit is sy vertrekpunt. 'n Beter begin kan daar nie wees nie. Waar God praat en waar God leer is die mensewoorde onnodig. Daar sit egter iets belangrik vir Paulus in wat hy hier beklemtoon. Die liefde wat medegelowiges vir mekaar moet hê ken nie grense nie. Ook aan al die broeders in die hele Macedonië is dit broederliefde wat moet geld. Die liefde wat daar reeds is, dit moet méér word, dit moet oorvloedig uitgestort word. En dan sien ons in vv.11-12 waarin is broederliefde gesetel.

Dit is so duidelik en belangrik waar ware broederliefde begin is deur nie stroomop te wees nie, *...deur julle eer daarin te stel deur rustig te lewe...* Wees kalm van gees. Vir die woord rustig staan die woord **ἡσυχάζω** (hesuchazo)- Die woord het duidelik te make om kalm van gees te wees. Dit lê ook in die woordveld van 'n psigologiese proses of staat waarin mens

moet verkeer. Dit kom duidelik daarop neer werk hard maar wees rustig (wees kalm) in jou harde werk, want staan die twee sake -rus en en werk hier in één vers...*stel julle eer daarin om rustig te lewe en julle eie sake te behartig en met julle eie hande te werk, soos ons julle beveel het...* Later dan maak Paulus die belang van werksaamheid net nog weer duideliker. In sy tweede brief stel hy dit sterk- *as iemand nie wil werk nie moet hy ook nie eet nie* (2 Thess.3:10). Soos eet en drink, geboorte en voortplanting, slaap en loop, soos dit alles psigologiese prosesse behels so behels hierdie rustig wees 'n werklike proses in jou en my lewe.

Daarmee gaan ons die lewe wat ons moet lewe binne. Heiligmaking, broederliefde, werksaamheid, dit alles stel sy eie uitdagings aan ons. 'n Gelowige mag nie 'n lui mens wees nie. Luiheid en christenskap is begrippe wat nie bymekaarhoort nie. Die wêreld moet kan sien dat ons nie lui is nie. *Julle moet julle eie sake behartig en met julle eie hande werk*, het ons gelees. Hierin moet ons 'n voorbeeld stel. Die wêreld kyk na die gelowige met 'n vergrootglas. Paulus het baie te doen gehad met armer mense, mense wat met hulle hande hard moes werk. Hy spoor hulle aan, almal van ons dat ons 'n voorbeeld moet wees, so sluit Paulus hierdie eerste deel van 1 Thessalonicense 4 af, moet ons ook dit tot ons eie eer doen.

Dan het ons hoop, dan het ons 'n toekomsverwagting. Volgende keer as dit so mag wees, kom die laaste deel van 1 Thessalonicense 4 by 'n baie belangrike saak uit wat, so wil dit lyk by die Thessalonicense ontbreek het, 'n verkeerde toekomsverwagting. Dit wat aan hulle geloof ontbreek. As my gedagtes oor môre nie reg is nie, dan sal ek oor vandag, hierdie dag, vandag nie reg kan oordeel nie.

AMEN